
DEEL 115 | WEEK 27 | 7 JULIE 2023 | R5

HEILBRON HERALD

IF IT'S NOT IN

RUMOUR



# Spieëltjie, spieëltjie aan die wand, wie's die mooiste in die land?

Alhoewel die antwoord op dié vraag nog nie bekend is nie, kan Heilbronners egter met trots spog: die mooiste in die kontrei is in ons midde te kry.

Suryn Claasen, 'n boervrou, ma, leerkrag en entrepreneur van Heilbron, het vanjaar vir Sarie se Voorbladgesig-kompetisie ingeskryf. Die tydskrif het onlangs bekend gemaak dat Suryn onder die 30 finaliste is uit 'n indrukwekkende getal van ongeveer 700 inskrywings. Suryn vertel dat sy heel verbaas was en dat sy dit glad nie verwag het nie.

Sy is nie net beeldskoon nie, maar ook baie slim. Suryn, wat in die Weskus grootgeword het, het haar loopbaan voortgesit deur aan die Universiteit van Stellenbosch te studeer. Sy het Chemie en Toegepaste Wiskunde studeer, en dit het haar 'n soliede agtergrond in haar veld gegee. Na haar studies het sy 'n onderwyspos in Reitz gekry en later Herman, die liefde van haar lewe, ontmoet en kort voor lank die tou deurgehak.

Die besluit om aan die Sarie-voorbladkompetisie deel te neem het nie sonder aanmoediging gekom nie. Sy vertel dat dit aanvanklik haar haarkapper was wat haar oorreed en gemotiveer het om deel te neem. Sy het besluit om dit 'n kans te gee en te kyk wat gebeur. Heilbronners se hulp is ingeroep vir die mooimaak sessie. Suryn het die talentvolle Elandie Broodryk gekry om haar grimering te doen en 'n paar asemrowende foto's deur Marilize Loots laat neem. Dit het Suryn se selfvertroue 'n hupstoot gegee en haar geloof in haar eie skoonheid en vermoëns versterk.

Die kompetisie is egter meer as net 'n skoonheidswedstryd. Dit poog om vroue te erken en te vier wat nie net uiterlik mooi is nie, maar ook intelligensie en diep innerlike krag het. Suryn het bewys dat sy nie net 'n aantreklike voorkoms het nie, maar dat sy ook 'n skerp en kreatiewe denker is.

Die volgende fase van die kompetisie vind plaas in September/ Oktober wanneer die top 5 finaliste aangekondig sal word. Suryn is opgewonde en vol hoop vir hierdie volgende stap in die kompetisie. Dit is 'n geleentheid vir haar om haarself te bewys en haar passie vir die mode- en skoonheidsbedryf verder te ontwikkel.

Suryn Claasen is 'n inspirasie vir jong vroue wat drome het en ambisieus is. Sy het bewys dat jy kan presteer in enige veld wat jy kies, of dit nou wetenskap, onderwys of selfs die wêreld van mode en skoonheid is. Haar vriende en familie sien met verwagting uit na die uitslag, en sou sy nie die top 5 haal nie, is Heilbron trots om so 'n beeldskone vrou in ons kontrei te hê.












# Ngwathe finansies beroerd verby

Die finansiële krisis waarin die Ngwathe Plaaslike Munisipaliteit tans verkeer is opnuut bevestig deur finansiële verslae wat verlede week voor 'n spesiale vergadering van die raad gedien het. Uit 'n verslag oor onttrekkings vanuit die munisipale bankrekening vir die periode Julie 2022 tot Mei 2023 blyk dat daar in die periode slegs ongeveer R 57m aan Eskom betaal was. "Dit terwyl Eskom se rekeninge vir dieselfde periode nagenoeg R 220m beloop het," sê VF Plus raadslid Phillip van der Merwe. Teen 30 Junie 2023 het die totale Eskomskuld reeds ge-eskaleer tot ongeveer R 1,759 miljard.

Gedurende dieselfde periode is slegs R 3,15m vir grootmaat wateraankope betaal. Dit blyk uit die verslag dat daar vir die tersake periode geen betalings gedurende Augustus 2022 tot Mei 2023 geskied het nie. Telefoonrekeninge is ook nie gedurende die periode van April tot Mei 2023 betaal nie. "Die inligting het as 'n absolute skok gekom nadat ons vir maande nie van behoorlike verslae voorsien was nie," sê raadslid Van der Merwe verder. "Daar heers tans enorme probleme binne die munisipaliteit se topbestuur weens vakante senior bestuursposte en skorsings wat meebring dat die komitees wat oorsig moet hou of nie sit nie of tydens die sittings wat wel geskied, nie van volledige inligting en verslae soos wat wetlik vereis word, voorsien word nie."

Uit 'n ander verslag wat voor dieselfde raadsvergadering gedien het blyk dat daar op verskeie begrotingsposte wat hoofsaaklik met personeeluitgawes verband hou, drasties oorspandeer is. So is byvoorbeeld op oortyd tot Mei 2023 reeds 125%, op verlofuitbetalings 302%, op nagdiens toelaes 686%, op langdiensbonusse 268% en op gereedskapstoelaes 226% van die goedgekeurde begroting uitgegee. Geen verduidelikings oor die afwykings is in die verslae vervat nie en dit is op aandrang van raadslid Van der Merwe verwys na die Finansiële Komitee vir ondersoek en optrede. "Ek sal sorg dat daar behoorlike verduidelikings vir al die afwykings verskaf word en aandring op toepaslike optrede soos wat nodig of wenslik mag wees," sê hy.

As voorgaande gesien word teen die agtergrond dat die munisipaliteit slegs daarin slaag om ongeveer 53% van sy begrote inkomste te vorder, is dit verstaanbaar dat infrastruktuur nie in stand gehou kan word nie en oraloor in duie stort. "Die raad het wel 'n omkeerplan en inkomsteverhalingsplan goedgekeur by sy begrotingsvergadering in Mei, maar die uitvoering daarvan berus by die amptenary en raadslede sal uit alle oorde druk op amptenary moet plaas om toe te sien dat die planne wel ten uitvoer gebring word. Die Vryheidsfront Plus is onomwonde daartoe verbind," bevestig raadslid Van der Merwe. "Daar sal ook nuwe ooreenkomste ter betaling gesluit moet word met o.a. Eskom en Randwater."

# Krisis met Ngwathe senior bestuur duur voort

Die termyne van aanstelling van twee amptenare as waarnemers in senior bestuursposte by Ngwathe Munisipaliteit het verstryk op 30 Junie 2023. Hulle is Mnre N Monyeke en Z Majivolo, onderskeidelik waarnemende direkteure van Gemeenskapsdienste en Korporatiewe Dienste. Diesulke aanstellings mag slegs 'n maksimum van drie maande duur tensy die Lid van die Provinsiale Uitvoerende Komitee spesifiek toestemming tot 'n langer periode verleen, wat egter weereens nie langer as drie maande mag wees nie.

In die Departement Gemeenskapsdienste kan die Raad Mnre EC Pule of BA Netshivodza oorweeg vir aanstelling as waarnemend vir drie maande, terwyl in die departement Korporatiewe Dienste Mnr CJ Siphiwe beskikbaar is vir oorweging.

Tans was die munisipaliteit bedien deur gesekondeerde provinsiale amptenare in die rolle van beide munisipale bestuurder en hoof finansiële beampte. Mnr T Ngesi, die voormalige waarnemende munisipale bestuurder, se aanstelling het egter op 30 Junie 2023 verstryk en niemand kon sover in die pos aangestel word nie. Daar is ook nog nie iemand deur Provinsie in sy plek gesekondeer nie. Omdat die voorskrifte wat aanstelling van waarnemende direkteure reël vereis dat die raad met die munisipale bestuurder moet konsulteer voordat enige sodanige aanstellings gedoen kan word, sal die aanstellings van waarnemende direkteure egter eers kan geskied wanneer 'n nuwe waarnemende munisipale bestuurder in diens gestel is en gekonsulteer is.

Volgens Vryheidsfront raadslid Phillip van der Merwe veroorsaak die gebrek aan kontinuïteit onder senior bestuurders enorme ontwrigting. "Elke waarnemende bestuurder het telkens sy/haar eie siening van sake en prioriteite verskil ook," sê hy. "Dit is amper asof elke nuwe bestuurder die wiel van vooraf wil ontwerp met eie idees oor hoe die tersake departement ten beste bestuur kan word. Dit is teenproduktief en daardeur gaan werk wat 'n voorganger tyd en aandag aan bestee het soms verlore omdat dit eenvoudig nie deur die opvolger verder gevoer word nie."

Vorige pogings om die vakante poste te vul was onsusesvol, maar dit is intussen weer heradverteer en het die spertyd vir aansoeke op 23 Junie 2023 gesluit. Dit blyk dat verskeie aansoeke wel ontvang was en dat die proses om onderhoude te voer met potensiële kandidate tans aandag geniet. "Ek vertrou dat geskikte kandidate vir aanstelling wel gou gevind sal kan word sodat stabiliteit en kontinuïteit in die senior bestuur spoedig herstel kan word. Met inagneming van die skorsing van die direkteur van tegniese dienste, die enigste oorblywende permanent aangestelde senior bestuurder, moet die poste van munisipale bestuurder sowel as al vier die direkteursposte deur waarnemers beklee word wat 'n totaal onaanvaarbare toestand daarstel," sê raadslid Van der Merwe verder.

**Raak volgende week deel van ons lekker lees gemeenskap koerant en stuur jou nuus en mylpale deur na Heilbron Herald.**

**Kontak gerus vir Hendie Lötter by Tel: 058 852 3033**
**E-Pos: heraldnuus@heilbron.co.za**

POSTNET HEILBRON
**Besigheidsure**
**Maandae - Vrydae:** 08:00 -16:30
**Saterdae:** 09:00 -12:00
*Elsstraat 42, HEILBRON • Tel: 058 853 0006*

# Uitdiepen: *Week 27 van 2023*



Daar is geen groter pret as om mense dop te hou nie. Ek bedoel nou nie om 'n verkyker aan te skaf en mense af te loer nie, nee, los dit vir die Bolhuise onder ons. Mense bekyk, dis wat ek van hou.

Ek en my rooikopsussie het dit baie gedoen, soms 'n raai-raai speletjie gespeel oor die werk wat die persoon doen, hoe hulle pajamas lyk, of hulle musikaal is en allerhande ander simpel vrae. Ons het onsself dan pap gelag.

Met die heel eerste Aardklop het ek en sy op 'n muurtjie gesit en almal bekyk, elkeen van die handvol stalletjies (heel eerste Aardklop, onthou) besoek. Een van hierdie stalletjies het ons onderstebo gegooi van die lag. Hulle het los matte verkoop. Met 'n groot uithangbord: "Gang Runners."

Nou regtig. As jy 'n loper vir die gang wil hê, moes jy seker so gesê het, maar 'n "Gang Runner"? Klink soos 'n bendelid wat besig is om weg te hardloop van die polisie. Ek weet nie of hulle deesdae nog weghardloop nie.

So paar dae gelede voel ek olik, gaan besoek die huisdokter en stap met die lys medikasie na die apteek.

Dit laat my dink aan wat my gryse ou pa altyd gesê het: Hy was by die dokter, want die dokter moet ook leef. Toe vat hy sy voorskrif na die apteker, want die apteker moet ook leef. Toe spoel hy al sy medikasie in die toilet af, want hy moet ook leef.

Nietemin. Ek staan in 'n korterige ry, so drie mense voor my. Ek lees die nuus op my foon. Maar die man, tans eerste in die ry, trek my aandag.

Dis redelik winter, maar man het 'n kortbroek aan, kortmouhemp en 'n kortmou oortrektrui. 'n Gryserige baard, maar 'n kop vol hare. Hy vroetel eers in hierdie broeksak, dan in die ander een. Haal 'n ding uit wat ek vermoed 'n sakdoek moet wees, en vee sy neus af.

Ek kon my lewe lank nog nooit afstand of ouderdom skat nie, maar ek dink amper hierdie ou met die grys baard is 26 dae ouer as ek, en ek is nog omtrent 'n duisend jaar weg van 60 af.

Hy trippel rond soos 'n skouperd op soek na applous. Draai vir 'n slag agtertoe en kyk wie is almal in die ry. Tuur dan by die ry af.

"Volgende, asseblief," ruk hom uit sy slaap.

"More, more!" groet hy die apteker. "Hoelykit?"

"Goed dankie, hoe kan ek help?"

"Net my maandelikse voorskrif, asseblief."

Die apteker tik op sy rekenaar.

"Onder Anna se naam."

Apteker: "Anna wie?"

"Du Plooy, Anna du Plooy."

Apteker: "Is jy dan nou op haar mediese fonds?"

"Nee, nee, kyk onder Gert. Gert du Plooy."

Die apteker slaan 'n paar sleutels op sy rekenaar se sleutelbord.

"Ja-nee, ek weet nie hoekom is hulle so simpel met ons pensioenarisse nie."

Ek dog ek slaan reg agteroor: hoe kan hy al 'n pensioenaris wees?

"Ons kan mos nou net ons medikasie by Lyttelton se apteek gaan haal. Weet jy hoe lyk daai rye? Ons moet almal nou soontoe. Nee, ek weet nie wat aangaan nie."

Apteker: "Ek weet ook nie."

"En ek het gedog jy weet. Maar dokter Kruger is regtig goed."

Apteker toon geen reaksie nie.

"Jasie, hy het so mooi na klein Marie gekyk. Hy het haar geopereer."

Apteker toon geen reaksie nie.

"Hy het haar hele kakebeentjie oorgebou, en ons amper niks gevra nie."

Apteker toon steeds gee reaksie. Hy tel nou pille.

"En hierdie covid het darem onder ons gemaai, hoor."

Die apteker toon tekens van lewe.

"Ek het al my inspuitings gehad, en gelukkig nie siek geword nie. Maar ek kon nie verder werk nie."

Ek jeuk om te vra hoekom hy nie meer werk nie, maar maak of ek die nuus op my foon lees.

"Weet jy dat daai virus van 'n halfgaargemaakte vlermuis af gekom het?"

Die apteker is nou helder wakker.

"Is nie, dit kom uit 'n laboratorium uit."

"Wat vertel jy my nou?" sê die pensioenaris.

"Ja, en die eerste covidgeval is ge-assassinate."

Die pensioenaris skud sy kop.

"Hierdie lewe, darem. Maar my infeksie is nou baie beter."

Apteker toon geen reaksie nie.

"Daai pille is regtig goed, as ons dit nou nie in Lyttelton moet gaan haal nie."

Apteker toon steeds geen reaksie nie.

"Dit jeuk darem nie meer so baie nie. Ek kan dit aanbeveel."

Ek begin nou self ook jeuk.

"En daai groot seer wat hier op my bobeen was, is ook nou weg. Ek dink dis daai pille."

Ek begin van bo af ril. Dit loop soos 'n stadige, jeukerige wurm teen my ruggraat af.

Die apteker gooi al die getelde pille in pakkies en binne-in die pensioenaris se mandjie.

"Dankie, man, ek waardeer. Nou hoef ek darem nie Lyttelton toe te gaan nie. Ek weet ook nie meer wat in die wêreld aangaan nie. Alles is so deurmekaar, man, ek sê jou, deurmekaar."

Die apteker stoot die mandjie oor die toonbank.

"Jy kan daar voor gaan betaal."

"So: jy sê daai eerste pasiënt is ge-assassinate? Nou wil jy nou meer."

"Jy kan daar voor gaan betaal."

"Nou ja, laat ons gaan drink en vrolik wees."

Die pensioenaris stap kiertsregop na die betaalpunt en groet en gesels so ver hy loop.

Vandag se les is om nie alles oor jouself oor 'n toonbank uit te blaker nie. Almal wil nie weet dat jy moet Lyttelton toe nie. Ook nie van daardie infeksie wat jy het nie of dat jy iewers jeuk nie. Ek weet nie wie is Dr Kruger wat aan kakebeentjies werk nie.

Toe ek uiteindelik met my pakkie pille in my kar klim, begin ek krap, want ek jeuk nou orals.

# INSPIRASIE RESEPTE

Hierdie resep is ek baie lief voor. Dit kombineer van my gunsteling smake op een bord. Sagte eiers met lekker branderige olie, bros sesamsade en romerige jogurt en hummus. Die middle-Oosterse ontbyt word in baie verskillende streke aangepas tot elke kultuur. Hierdie is my gekose manier.



**TURKSE EIERS MET HUMMUS, JOGURT EN AROMATIESE OLIE**


Voorbereidingstyd – 30 minute
Kooktyd – 30 minute
Bedien – 4 mense

**Vir die eiers**
8 groot vrywei eiers
¼ koppie wit asyn
2 klein houertjies hummus
1 koppie Griekse jogurt
Aromaties olie
'n Hand-vol vars koljander
Vars rissie, fyn gesny
Maldon sout
**Vir die aromatiese olie**
½ koppie kanolaolie
½ koppie olyfolie
1 steranys
2 kardemompeule, liggies gekneus
1 stuk kaneel, 3 cm lank
2 eetlepels rissievlokkies
2 eetlepels gebraaide sesamsade
2 wit uie, fyn repies gesny
8 knoffelhuisies, dun skyfies gesny

**Metode vir die aromaties olie**
Plaas die olyfolie en kanolaolie in 'n klein potjie. Voeg nou die gesnyde uie en knoffel by en plaas op medium hitte. Verhit stadig tot uie begin braai en braai dan oor medium hitte tot uie en knoffel goudbruin en bros is.
Metode vir die eiers
Maak 'n medium kastrol halfpad vol water. Voeg asyn by met 'n goeie knippie sout. Plaas deksel op die kastrol en bring die water tot kookpunt. Sodra die water gekook het, draai die hitte tot laag. Breek eiers in 'n klein bakkie, een vir een. Roer die water sodat dit 'n kolkgat maak. Voeg nou die eiers een vir een in die water. Maak seker die water bly effens kook. Gebruik 'n gaatjies lepel en roer eiers sagkens. Kook vir 4 minute elk vir 'n lekker sagte geel, of bietjie langer as jy die eiers meer gaar verkies.

Smeer van die hummus in die middel van die bord, skep twee lepels jogurt in die middle van die hummus. Plaas nou die eiers bo-op die jogurt. Bedruip alles met die aromatiese olie, sprinkel met bros knoffel/uie, vars kruie en -rissie.

Bedien met vars pitas of platbrode om die eiergeel mee te skep.



*Pasch du Plooy*

# Gesina Feldtman (Nee Blignaut)

## *Vier haar 90 ste verjaarsdag*

Gesina is op 24 Mei 1933 gedurende die groot droogte op Heilbron gebore. Sy was 'n baie klein baba en is nogsteeds 'n klein vroutjie, maar met baie geesdrif ondernemingsgees, deursettingsvermoë en 'n vrou met vele talente wat sy ten volle uitleef. Sy is veral bekend vir haar prestasies in borduurwerk, hekelwerk en breiwerk.



*Tannie Gesina saam met haar broer Japie.*

Sy en haar broers & susters het op die plaasskool Kafferskop in die Heilbron distrik skoolgegaan, hulle het met 'n treppie en perd skool toe gery. Haar broer Japie Blignaut is nou 93 jaar oud en het saam met haar, haar 90ste verjaarsdag gevier.

Later is sy Heilbron Hoërskool toe waar sy ook hoofmeisie was en in atletiek en hekkies uitgeblink het, en so ook kampioen vir Noord-Vrystaat was.

Gesina is later getroud met Valie Feldtman en het gewerk as tikster by Kaiser & Cornelius op Heilbron. Hulle verhuis na Koppies waar sy vir 26 jaar by Sarel Cilliers Hoërskool in die kantoor gewerk het as sekretaresse.

Haar verjaarsdag was 'n heerlike en gesellige byeenkoms van familielede, kleinkinders & vriende wat mekaar lanklaas gesien het en die weersiens baie geniet het en heerlik saamgekuier het.

Voorwaar 'n merkwaardige en kosbare vrou waarop die gemeenskap van Koppies opreg trots is. Ons wens haar nog baie geseënde, vreugdevolle en gesonde lewensjare toe.




*Die dames van Koppies VLU waarvan Gesina al 60 jaar lid is het die kerksaal versier en die ete voorberei. Die kleinkinders het ook heerlike verversings voorsien.*



*Tannie Gesina saam met haar kleinkinders en agterkleinkinders.*

WESDAN HEILBRON

*Vakante Betrekking*

**KUDDEBESTUURDER: SKAAP- & BEESBOERDERY**

**Pligte en verantwoordelikhede:**
- Hantering en identifisering van teeldiere en aanwas.
- Toediening van alle doserings en inentings.
- Merk, onthoring, kastreer, tatoeër en brand van alle diere.
- Identifisering en behandeling van alle siektes.
- Volledige rekordhouding van alle diere oor alle aspekte van inentings, siektebehandeling asook lam- en kalfrekords.
- Volledige rekordhouding van teelbulle en ramme - gebruik in verskillende teeltroppe - vroulike diere.
- Weeklikse getalopnames van alle diere op ongereelde tye.
- Volledige weidingsbestuur.
- Voorsiening van lekke en kragvoer soos van toepassing.
- Skaaplamhokke en kleinkamp lambestuur.
- Skeer en hantering van wolskeersel.

**Ervaring en kwalifikasies:**
- Graad 12
- Eerlik en toegewyd ten alle tye.
- Ten minste 5 jaar se ondervinding van bogenoemde boerderye.
- Netheid
- Meganiese kennis en herstel/onderhoud van windpompe, draadspan, damme, water-krippe, voerkrippe, hekke, store, trekkers en implemente waar van toepassing - raaksien en regmaak van alles wat foutief is.
- Moet onafhanklik kan funksioneer en organiseer.
- Bereidwilligheid om lang ure te werk - lamtyd en kalftyd verg ekstra ure sowel as Saterdae en Sondae.
- Respek kan verdien by werkskollegas en plaaswerkers.
- Moet volle verantwoordelikheid aanvaar vir die bestuur van arbeid en uitdeel van pligte.
- Kennis van veesiektes.
- Hardwerkend en eienaarskap aanvaar.
- Boerdery word bedryf en bestuur op verskillende eiendomme - bestuur en organisering hiervan.

**Voordele:**
- Word deel van 'n groep met verskillende vertakkings wat baie uitdagings bied.
- Mededingende salaris met verlofvoordele.
- Termynkontrak.
- Voertuig vir werksdoeleindes word verskaf. (Verantwoordelik vir voertuig se instandhouding)
- Baie goeie laer- en hoërskool in Heilbron met koshuisfasiliteite.

**Aansoeke sluit 31 Julie 2023**
**Stuur CV's na hbh@carfone.net**

SOLAR VIBE
ALL ELECTRICAL & SOLAR APPLIANCES
47 Cilliers Street, Heilbron 060 908 8003 | admin@solarvibestore.com
All Electrical & Solar Appliances available in store!
Orders placed with next day delivery
Solar installations & After Services

# Ongelukke op Heilbron-Frankfortpad

Twee motorongelukke wat hierdie week op die Heilbron-Frankfort pad plaasgevind het, het heelwat opskudding veroorsaak. In een van die ongelukke het 'n silwer Isuzu teen 'n graantrok vasgery. Die omstandighede rondom die ongeluk is onduidelik, en daar is onsekerheid oor wat presies gebeur het. Daar is beweer dat die graantrok moontlik wou afdraai by die nuwe VKB depot. Dit word berig dat die trok alle padreëls toegepas het. Die bestuurder in die Isuzu was alleen in haar kajuitbakkie.

'n Tweede ongeluk het op 5 Julie op die R34-pad plaasgevind. Hier het 'n VKB-trok omgeval, slegs twee persone was in die trok tydens die ongeluk waar nie een ernstig beseer was nie. Die owerhede en noodhulpdienste was na die toneel ontbied vir hulp en deeglike ondersoeke.





# Waaruit bestaan stres?

■ *Heilbron Kliniek*

**WAT IS STRES?**

Stres is die liggaam se manier om te reageer op veranderings, eise of omstandighede wat die persoon voel hy/sy nie kan hanteer nie. Hierdie veranderings, eise en omstandighede kan van binne of buite die persoon kom.

**STRES BESTAAN UIT:**

- Stresfaktor - die eis of verandering.
- Hoe gaan die liggaam voel oor die stresfaktor (hoe die stresfaktor ervaar word).
- Die stresreaksie in die liggaam of verstand.

**WAT VEROORSAAK STRES:**

- Emosies - wanneer sterk, intense emosies soos angs, aggressie of hartseer ervaar word.
- Sosiale gebeurtenisse - openbare optrede / wanneer jy gereeld by konflik betrokke is / as jy skaam is.
- Veranderings - veranderinge in jou land of persoonlike lewe.
- Chemies - kaffeïene, nikotien en ander medisyne of dwelms.
- Werk - lang werksure, druk by die werkplek, werkloosheid en persoonlike doelwitte.
- Besluitneming - onsekerheid oor die gevolge van 'n besluit.
- Reise - lang afstande en verkeer.
- Fobie / vrese - vrees vir goggas / hoogtes / sosiale situasies ens.
- Liggaamlik - verkeerde eetgewoontes, slegte slaappatrone, swangerskap ens.
- Omgewing - geraas, klein werkarea, hitte, koue, reuke.
- Siektes / pyn.

**WAT IS DIE TEKENS VAN STRES?**

1. Jy voel altyd moeg, afgesien van hoeveel slaap jy kry. Jou energievlakke is laag en jy is nie regtig ywerig / entoesiasties oor enige iets of -iemand nie.
2. Jy sukkel om reguit te dink en jou kreatiwiteit is laag. Jy maak aanhoudend foute, jy is vergeetagtig en 'n ongeluksvoël.
3. Jy is humeurig en die kleinste ding sit jou af / beïnvloed jou dag.
4. Jy word teruggetrokke en is al hoe meer afgesonder. Jy wil nie meer van ander mense se probleme hoor nie en word geïrriteerd as mense eise aan jou stel.
5. Jy voel oor die algemeen uitgeput en net nie gesond nie. Jy het opgehou om na jouself te kyk en gee nie meer om wat jy dra of eet nie. Jy is net nie gepla nie.
6. Jy ontspan nooit heeltemal nie want jy dink aanhoudend aan al die goed wat jy moet doen. Jy doen goed baie stadiger as gewoonlik.
7. Jy weet nie regtig wat jy doen nie, hoekom jy dit doen nie of waarheen dit lei nie. Dit is nie meer pret om dit te doen nie en daar is niks meer om na uit te sien nie.

**HOE KAN EK STRES HANTEER?**

**Gesonde eetgewoontes**
- Eet gereeld, gebalanseerd en genoeg (veral ontbyt).
- Verminder jou inname van suiker, vet en sout.
- Vermy alkohol en opwekkende middels bv, kaffeïne
- Eet baie vrugte, groente en volgraan kosse.
- Maak seker dat jy genoeg Vit B1, B2, B3, en B12, yster en magnesium daagliks inneem.

**Fisiese oefening**
- Dis 'n manier om van oormatige adrenalien ontslae te raak.
- Endorfiene, wat jou bui opkikker, word gedurende oefening geproduseer.
- Vinnige, 20 minute stappie is 'n goeie, maklike opsie.

**Ontspanning**
- Luister na musiek
- Spandeer tyd in die natuur
- Tuinmaak
- Troeteldiere
- Begin 'n stokperdjie
- Dagdroom
- Teken, lees 'n boek, kyk 'n fliek ens.
- Neem 'n borrelbad by kerslig
- Ontspanningsterapie

**Verbeter interpersoonlike verhoudings**
- Wees versigtig wanneer jy jou vriende / vriendinne kies
- Wees selfversekerd (staan op vir jouself)
- Moet nie almal probeer tevrede stel nie
- Bespreek jou probleme met 'n objektiewe persoon
- Spandeer "kwaliteit tyd" saam met familie en vriende
- Toepaslike fisiese kontak is belangrik (bv. drukkies)

**Organisasie en beplanning**
- Stel vir jouself realistiese doelwitte en moet nie uitstel nie.
- Rusgenoeg, sonder om skuldig te voel.
- Beplan take vooruit om seker te maak dat jy genoeg tyd het vir jouself en jou familie / vriende.
- Bepaal of 'n taak werklik so belangrik is.
- Maak gebruik van 'n dagboek / maak lyste om jou gedagtes en dag te organiseer.
- Hou jou werkplek en omgewing netjies.
- Verdeel groot take / projekte in kleiner, hanteerbare stukkies.
- Moet nie jou dag gejaag begin nie, staan eerder bietjie vroeër op.

**Slaap genoeg**
- 6 tot 10 ure per nag.
- Vestig 'n slaappatroon. Gaan slaap dieselfde tyd elke aand.
- Skep 'n veilige, kalm omgewing in jou slaapkamer.
- Ontspanningtegnieke

**Geloof**
- Maak tyd vir bid en bepeinsing
- Neem deel aan kerk aktiwiteite
- Lees geestelike boeke

**Laat jou emosies uit**
- Laat jouself toe om te huil
- Raak van aggressie ontslae deur iets fisies te doen (bv. Sport)
- Skryf al die goed neer wat jou pla en probeer om dié te verander.
- Verwoord jou emosies en lag genoeg.

# Vrystaat Landbou stel privaat ondersoekers aan

Veediefstal het tot so 'n mate hand uitgeruk dat Vrystaat Landbou (VL) nou genoodsaak is om 'n eie privaat ondersoekers inisiatief wat fokus op veediefstal daar te stel.

Volgens Francois Wilken, president van Vrystaat Landbou ly boere jaarliks groot finansiële verliese as gevolg van georganiseerde veediefstal. “In die Vrystaat is die polisie se vermoëns en kapasiteit om veediefstal te bekamp baie beperk, veral tov die ondersoek van veediefstalsake, die uitvoer van arrestasies en om sake suksesvol deur die howe te neem. Tekort aan mannekrag, voertuie en toerusting by Veediefstal Eenhede (VDE) van die SAPD is 'n groot bron tot kommer”.

Volgens Dr Jane Buys, Veiligheid risiko analis van VL, is die privaat ondersoekers 'n inisiatief wat in samewerking tussen VL se Landelike Veiligheid komitee en die privaat sekuriteitmaatskappy LGV sal plaasvind. “Die eerste fase van hierdie projek is in die Fezile Dabe (FD) distrik geloods waar ons PSIRA geregistreerde privaat ondersoekers vanaf 1 Julie 2023 aktief is en sal alle ondersoeke in samewerking met die polisie plaasvind onder die vaandel van die Landelike Beveiliging Strategie (LBS)”.

Die hoë misdaad dorpe wat groot veediefstalle in die Fezile Dabe -distrik ervaar sal elkeen oor 'n privaat ondersoeker beskik en het alreeds 'n kursus deurloop waarin hulle onder andere ook 'n uitgebreide handleiding rakende alle tersaaklike wetgewing ontvang het.

Die dorpe wat deur privaat ondersoekers bedien gaan word is tans:

◆ Heilbron
◆ Mafube
◆ Kroonstad / Steynsrus
◆ Cornelia / Villiers
◆ Parys / Sasolburg area

Buys noem dat die privaat ondersoeker boere behulpsaam sal wees met onder andere:

◆ Bewaring van die misdaad toneel;
◆ Afneem van ǹ A1-verklaring. Die boer moet egter steeds die saak by die plaaslike polisiestasie aanmeld;
◆ Kontak/samewerking met die Veediefstal (VDE) speurder in die area;
◆ Alle bewysstukke te oorhandig aan die VDE speurder;
◆ Soektog te begin loods ten einde die gesteelde vee op te spoor.

Peet Swanepoel van Parys sal as provinsiale koördineerder vir die PSIRA privaat ondersoekers optree. Hy is ǹ gesoute veediefstal ondersoeker wat dekades verbonde was aan sodanige ondersoeke en het ook veediefstal speurders opgelei. Hy sal die privaat ondersoeker wie gesetel is naaste aan die klagte, uitstuur.

Die inisiatief sal gratis vir volopbetaalde VL-lede beskikbaar wees. Ander boere sal ook gediens kan word as hul ǹ voorafgestelde bedrag in VL se Veiligheidsfonds betaal. Heelwat borge is tans by die inisiatief betrokke.

Buys sê dat die projek kwartaalliks geëvalueer sal word vir uitrol na ander distrikte se hoë misdaad areas t.o.v. veediefstal, in samewerking met die polisie. Sy maan boere om te verseker dat hul vee, veral jonger vee, gebrandmerk en of getatoeëer is ten einde die opsporing van die vee te vergemaklik asook om eienaarskap te bewys.

**Woordvoerders:**
Francois Wilken (President, Vrystaat Landbou) - 083 390 1831
Dr Jane Buys (Veiligheid risiko analis, Vrystaat Landbou) - 082 922 8434
Peet Swanepoel (Provinsiale koördineerder) - 066 407 7899
Kommunikasiebeampte: Elana Bester
082 643 9875/ elana@vslandbou.co.za


SEDGARS
For All Your
SUITS & EVENING DRESS REQUIREMENTS
WE HAVE THE WIDEST RANGE OF EVENING DRESSES & SUITS
FOR YOUR MATRIC FAREWELL
VISIT US AT OUR NEW STORE
2 LEEUWENHOEK STREET | DUNCANVILLE
SEDGARS.COM | 016 422 3804
*PICTURES ARE USED FOR ILLUSTRATIVE PURPOSES ONLY*

HERALD Gemeenskapsnuus



## Troukoors

*Marais en Marguerite het die knoop op 1 Julie deurgehak te Lusthof, Edenville. Marais is die seun van Johan en Ellouise Breitenbach van Heilbron. Hy is ook die kleinseun van Jan en Ellen Marais. Marguerite is die dogter van André en Hannatjie Roux van Edenville. Die egpaar vestig hulself in Heilbron.*

# Vet pret by die Buffalo Bar

## 'n Aand van vermaak en kuier

Na baie beplanning en harde werk het die langverwagte Quiz-Night by die Buffalo Bar uiteindelik aangebreek. Oorspronklik was die plan om slegs tien tafels met vier deelnemers elk te hê, maar soveel mense het opgedaag dat ekstra tafels ingedra moes word. Dit was 'n heerlike probleem om te hê! Die Quiz-Night het afgeskop met uitdagende vrae, soos om die land met die grootste oppervlakte te noem. Die spanne van Gerrie Muller en Herman Claasen het gelyke punte behaal en geen vraag was te moeilik vir hierdie slimkoppe nie. Die finale rondte het bestaan uit 'n reeks uitdagende vrae, soos wie die periodieke tabel ontdek het en waar die persoon vandaan kom.

Na verskeie ander vrae wat beide spanne korrek beantwoord het, is 'n vinnige vuurvraag gevra en die span van Herman Claasen se tafel het as die uiteindelike wenners uit die stryd getree. Hulle het elkeen met 'n Buffalo Quiz-Night glas weggestap wat geborg was deur die Heilbron Herald. Dit was 'n intense kompetisie, maar die vreugde van die oomblik het die teleurstelling van die ander spanne se gesigte weggevee. Die hoofdoel van die aand was om pret en vermaak na die dorp te bring, en dit is beslis bereik. Die atmosfeer was gevul met lag, geselskap en opgewondenheid. Die Buffalo Bar was letterlik aan die beweeg van vreugde en opwinding.

'n Saarkie-kompetisie is ook gehou om die gees van mededinging verder aan te moedig. Carol Germishuizen het weggestap as die wenner. Die Buffalo Bar-span is baie bly oor die sukses van die aand en hoop om in die toekoms weer so 'n gebeurtenis te kan reël. "Ons weet nou wat om te verwag en waar ons kan verbeter," vertel Hendie, een van die organiseerders. Die gemeenskap kan seker wees dat daar nog baie prettige en opwindende aande voorlê by die Buffalo Bar. Die Quiz-Night was slegs die begin van 'n reeks gebeurtenisse wat almal sal vermaak en bymekaar bring.



*WENNERS VAN DIE AAND: Agter vl: Suryn Claasen, Pieter van Staden. Voor vl: Herman Claasen en Johann Claasen.*



*Op die foto: Jeanne Le Roux-Nel, Cara Nell, Jaricka Conradie, Frikkie Labuschagné en Maryke Grobbelaar.*

# Pret by Solar Vibe en Raap en Skraap

Die gemeenskap van Heilbron het Julie afgeskop met 'n heerlike dag by Solarvibes en Raap en Skraap. Hierdie twee besighede het saamgewerk om 'n dag vol vermaak en genot vir almal te verseker. Die perseel was vol bedrywigheid toe stalletjies opgeslaan is en die gemeenskap saamgekom het vir 'n heerlike kuier. Raap en Skraap, 'n voedselwinkel, sowel as Solarvibes, 'n winkel wat sonkragprodukte verkoop, het hul produkte uitgestal. 'n Spesiale aanbieding het plaasgevind waar goue plakkers op verskeie produkte versteek is, en die gelukkige kopers kon die produk onverwags verniet ontvang. Die stalletjies is op 'n pragtige wyse deur Betsie Walsh. Lekker musiek het bygedra tot die heerlike en ontspanne atmosfeer en die gesindheid van almal wat die geleentheid bygewoon het. Kliënte wat meer as R100 spandeer het, het 'n heerlike spitrolletjie ontvang. Dit het bygedra tot die sukses van die dag. Die twee besighede hoop om gou weer so 'n geleentheid te reël waar Heilbronners saamkom en 'n heerlike dag geniet.



*Op die foto vl: Ruben Venter, Jane Janse van Rensburg, Jarryd Ovens en Wesley Scheepers.*



# Leandri gekies as finalis

• ***Geskryf deur René Fourie***

Op die 29ste Junie 2023 is die Grand Finale van Opulent Models Suid Afrika by die Time Square SunBet Arena in Pretoria gehou.

29.06.2023 ~ MONOCHROOM 2023. DAAR IS GEEN GRYS AREA 2023!!!

Opulent Models Suid Afrika het die grootste modelskou in die land aangebied, en is die grootste professionele modelsoekkompetisie in Suid-Afrika en is inderdaad die grootste platform vir nuwe modelle om ontdek te word.

Die Grand Finale was werklik 'n skouspelagtige geleentheid met 175 modelle wat op die ramp geloop het.

Johan Ungerer Signature Events & Time Square Suid Afrika het gesorg dat dit 'n aand was om nie te vergeet nie.

Finaliste het in sewe verskillende kategorieë meegeding om as wenners weg te stap.

Hierdie kategorieë het ingesluit:

- Runway - Body of the Year - Beautiful Fresh Face - Men's Open - Over 25's - Fitness Physique - Mr & Mrs Opulent

Leandri Fourie van Heilbron was gekies as 'n finalis onder Beautiful Fresh Face. Sy was aangetrek deur New Romantic Couture wat haar borg was vir haar kleredrag vir die aand.



# HERALD Sport

## Ons sê totsiens

• *Edward Muller*

Na baie jare se rolbal speel, diens doen as voorsitter en "greenkeeper" speel het dit tyd geword vir Gerald Rademeyer om sy rolballe vir eers weg te berê. Die gewas in sy rug pla en begin hy al hoe moeiliker loop. Dit het hom genoodsaak om af te tree. Min mense het die sport met meer passie en toewyding gespeel as hy. Sy kennis van rolbal is net ongelooflik en dit wat hy nie weet nie, lees hy op. Met dieselfde oorgawe het hy ook die baan se instandhouding gedoen. Hy het ook baie getrou weekliks sy rolbalberig vir die Herald gestuur. Al wat ons kan sê is dankie. Dankie dat jy deel van ons familie was. Dankie dat jy jou kennis met ons gedeel het. Ons sal jou mis op die baan. Baie sterkte met die toekoms en onthou om vir ons te kom kuier.

Die naweek speel Tracy Jacobs, Sonja Muller en Edward Muller in die Noord Vrystaat enkels kampioenskappe op Bethlehem. Baie sterkte vir die drie spelers. Hou ons tarentaal se naam hoog.



## Twee grotes op die kalender

Gholfers kan uitsien na twee groot kompetisies wat in Juliemaand gaan plaasvind. Volgende naweek is dit die NG Suid-kerk se jaarlikse fondsinsamelingsdag. Die jaarlikse hoogtepunt is die BoereTreat gholfkompetisie op Vrydag 28 Julie wat groot opgewondenheid uitlok. Hierdie dag is oop vir alle gholfers en is die voorloop van die BoereTreat fees wat die volgende dag gehou word.

Saterdag se HBA maandbeker is gewen deur Pieter van Staden met 73 netto telling. Pieter en Ruan Mienie, sy dubbelspelmaat, moes egter die knie buig teen RJ Muller en Vian Leeb in die plaaslike dubbel putjiespel uitspeelrondte.

Die Jokerdraw staan op R31 000 en word weer Vrydagaand om 19:00 getrek, wees daar en koop jou kaartjie. Môre sal dit gewone spel wees vanaf 11:00.



*Pieter van Staden*




## Heilbron Duiweklub Nuus

Verlede Saterdag se wedvlugte was vanaf Reddersburg oor 'n afstand van 315km. Dit was 'n mooi sonnige dag en met 'n ligte wind van agter kon die duiwe 'n gemidddelde spoed van 90 k.p.u handhaaf.

Zenith Hokke het baie goed gedoen deur albei die Jaaroud en Ope wedvlugte te wen.

**REDDERSBURG JAAROUD**

1. Zenith A, 2. Zenith A, 3. Gideon Swart, 4. Stemmett Hokke, 5. Stemmett Hokke, 6. IJ Lofts, 7. Zenith B, 8. Zenith A, 9. F Viviers, 10. F Viviers.

**REDDERSBURG OPE**

1. Zenith B, 2. Zenith A, 3. Stemmett Hokke, 4. Zenith A, 5. F Viviers, 6. D Cilliers, 7. F Viviers, 8. F Viviers, 9. Stemmett Hokke, 10. Stemmett Hokke.




BKB
The Trusted Home of Agriculture
Die Betroubare Tuiste van Landbou

BELANGRIKSTE veilings

**MAANDAG - 10 JULIE 2023**

DEVON Weeklikse veiling
Kontak Jurg Haywood 082 578 6241

BADPLAAS Weeklikse veiling
Kontak Themba Shongwe 076 557 9346

**DINSDAG - 11 JULIE 2023**

KLERKSDORP Weeklikse veiling
Kontak Diaan Niewenhuis 083 636 2314

VEREENIGING Weeklikse veiling
Kontak SC de Jager 082 599 2312

VREDE Maandelikse veiling
Jandré Moll 082 307 9169

DEVON Weeklikse veiling
Kontak Jurg Haywood 082 578 6241

ERMELO: NOOITVERWAG BEEFMASTERS PRODUKSIEVEILING
11:00, plaas De Vereeniging, distrik Ermelo
Kontak Danie Pienaar 082 776 7716

**WOENSDAG - 12 JULIE 2023**

REITZ Twee-weekliks veiling
Kontak Francois Duminy 082 528 1899

WITBANK Weeklikse veiling
Kontak Rocco v Rooyen 082 799 2776

BULTFONTEIN Twee-weeklikse veiling
Kontak Louwtjie Bezuidenhout 082 827 7443

**DONDERDAG - 13 JULIE 2023**

FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Deon Stegmann 079 878 2109

KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022

ERMELO Weeklikse veiling
Kontak David Harris 082 573 7979

ROSENDAL Kwartaallikse veiling
Kontak Gerrie Britz 082 828 2855

VERKYKERSKOP: ANDRIES VD WESTHUIZEN STAAK BOERDERY VEILING
11:00, plaas Geluksdal, Verkykerskop
Kontak Jacques vd Merwe 082 325 0036

**VRYDAG - 14 JULIE 2023**

BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Michiel Odendaal 082 560 6174

STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Carel Davel 082 331 1811

POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Salty de Villiers 073 816 4956

**VRYDAG - 15 JULIE 2023**

ERMELO: MYBURGH BOERDERY PRODUKSIEVEILING VERSE/KALWERS
11:00, plaas Kromdraai, distrik Ermelo
Kontak Danie Pienaar 082 776 7716

www.bkb.co.za
BKB Limited 1998/012435/06
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071
e-pos: frankfort@bkb.co.za

